Suidwes Landbou
Leeudoringstad, Noordwes

Mediavrystelling • Media Release

(018) 581 1000
www.suidwes.co.za

04 Mei 2017

Vir onmiddellike vrystelling
259 woorde / 2 bladsye.

Suidwes Groep bekom aandele in Botselo Mills

Die Suidwes Groep het ‘n 34,9% belang in Botselo Mills bekom.

Botselo Mills is 'n dinamiese meule- en mielieverwerkingsaanleg geleë in die hart van die mielieproduserende gebied van die Noordwes provinsie. Botselo Mills is gestig en ontwikkel deur die Hobson familie, suksesvolle mielieboere wat reeds vir drie generasies in die Noordwes provinsie boer. “Dit is vanuit hierdie boerdery agtergrond wat ons entoesiasme vir die meulebesigheid sowat 30 jaar gelede gebore is.” sê mnr Carey Hobson, Besturende Direkteur van Botselo Mills.

Van 'n beskeie begin het die onderneming gegroei en ontwikkel tot ‘n baie suksesvolle besigheid met die nuutste en gevorderdste tegnologie en verwerkingsfasiliteite. Botselo Mills produseer 'n omvattende reeks mielieprodukte in die aangleg wat buite Delareyville geleë is.

Botselo Mills beskik oor baie kennis en ondervinding in die maal- en mielieverwerkingsbedryf en het oor die jare ‘n gesonde kliëntebasis gevestig.

Volgens dr Herman van Schalkwyk, Hoof Uitvoerende Beampte van die Suidwes Groep, pas die transaksie perfek in by die langtermyn visie van Suidwes, naamlik om sy voetspoor te vergroot en meer betrokke te wees in die mieliewaardeketting. Suidwes, met sy lang geskiedenis wat sedert 1909 strek, is begrond met ‘n koöperatiewe basis en glo dat hierdie transaksie verder tot sy lede se voordeel sal strek.

Volgens mnr Carey Hobson maak hierdie transaksie vir Botselo Mills sin omdat daar ‘n perfekte passing is wat besigheidskultuur, -etiek en –filosofie betref en verder ondersteun dit Botselo Mills se doelwit om die maal- en mielieverwerkingsaanleg van keuse te wees, met produkte en dienste van uitstaande gehalte.

Mnr Hansie Viljoen (Voorsitter, Suidwes Landbou Direksie) en Mnr Carey Hobson (Besturende Direkteur, Botselo Mills), tydens die tekenseremonie by Botselo Meule in Delareyville.

Voor vlnr: Mnre Richard Hobson, Frans Marx, Hansie Viljoen, Carey Hobson, Adrian Hobson en dr Herman van Schalkwyk.

Agter vlnr: Mnre Garth Hobson, Hennie Gous, Frans van Niekerk, Koos le Roux, Reg Scholtz, George Potgieter, Len Steyn, Thean Geldenhuys en Ian Putter.

Navrae:

Deon Badenhorst
Bestuurder: Korporatiewe Bemarking en Kommunikasie
T: 018-581 1192
deonb@suidwes.co.za
www.suidwes.co.za